SIYA MASUKU • NOZIZWE HERERO • NADENE KRIEL

# Hoe gaan ons die koekies bykom?



# Hoe gaan ons die koekies bykom?

Hierdie boek behoort aan





*Every child should own a hundred books by the age of five. To that end, Book Dash gathers creative professionals who volunteer to create new, African storybooks that anyone can freely translate and distribute. To find out more, and to download beautiful, print-ready books, visit bookdash.org.*

*Hoe gaan ons die koekies bykom?*
Illustrated by Siya Masuku
Written by Nozizwe Herero
Designed by Nadene Kriel
Edited by Glynis Lloyd
Translated by Nal'ibali
with the help of the Book Dash participants in Cape Town on 19 November 2016.

ISBN: 978-1-928377-95-5

This work is licensed under a Creative Commons Attribution 4.0 Licence (http://creativecommons.org/licenses/by/4.0/). You are free to share (copy and redistribute the material in any medium or format) and adapt (remix, transform, and build upon the material) this work for any purpose, even commercially. The licensor cannot revoke these freedoms as long as you follow the following license terms:

Attribution: You must give appropriate credit, provide a link to the license, and indicate if changes were made. You may do so in any reasonable manner, but not in any way that suggests the licensor endorses you or your use.
No additional restrictions: You may not apply legal terms or technological measures that legally restrict others from doing anything the license permits.
Notices: You do not have to comply with the license for elements of the material in the public domain or where your use is permitted by an applicable exception or limitation.
No warranties are given. The license may not give you all of the permissions necessary for your intended use. For example, other rights such as publicity, privacy, or moral rights may limit how you use the material.





Micki en haar maats, Lolo en Unathi, lees hul gunstelingboeke.

“As julle vir Micki help om haar kamer aan die kant te maak,” sê Prudence, “kan julle almal na die tyd koekies kry.”

“HOERA!”

Maar hulle hou net *aan* om te lees en lees en lees.



Toe hou hulle op lees en ruim Micki se kamer op.





“My kamer is nou netjies,” sê Micki. “Kom ons gaan kry koekies.”

Maar die kinders kan Prudence nêrens kry nie. Hulle gaan toe maar kombuis toe ...



Micki, Lolo en Unathi kyk na die fles koekies op die rak en wonder hoe hulle dit kan bykom.

Hulle kry 'n stoeltjie en maak beurte om daarop te klim.

Maar nie een van hulle kan die koekies bykom nie.

“My mamma sou sê dit is gevaarlik en ons kan val en seerkry,” sê Lolo.





Lolo klim toe op Unathi se skouers en strek sy arms uit, maar hy kan nie die koekies bykom nie.

“My pa sou sê dit is gevaarlik en ons kan val en seerkry,” sê Unathi.

Die kinders vind toe ’n tou wat hulle om die fles koekies wil gooi om dit af te trek.

Maar hulle kan nog steeds nie die koekies bykom nie.

“My mamma sou sê dit is gevaarlik en die fles kan op ons val en ons kan seerkry,” sê Micki.





“Wat doen julle?”
vra Jonathan en Sakhi.

“Ons probeer die koekies bykom,”
sê Micki.

“Ons kan julle help,”
sê hulle.



“Kom ons skuif die tafel tot teen die rak en klim eerder daarop,” sê Jonathan.

Maar steeds kan nie een van hulle die koekies bykom nie.



“Kom ons gooi ’n bal na die fles toe en stamp dit af sodat die koekies uitval,” sê Sakhi.

“Ja!” sê Lolo en Jonathan.
“Nee!” sê Unathi en Micki.



Uiteindelik kry Micki ’n plan ...

En dit is hoe hulle *saam* die koekies bykom!



